BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Woensdag 4 Januarie 1978 — WINDHOEK — Wednesday 4 January 1978 — No. 3686 A

INHOUD: *Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. AG. 1 Instelling van Stamraad in Namaland 1

No. AG. 2 Verandering van die Gebied van die Gibeon Witbooigronde 2

CONTENTS: *Page*

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG. 1 Establishment of Tribal Authority in Namaland 1

No. AG. 2 Alteration of the Area of the Gibeon Witbooigronde 2

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 1] [4 Januarie 1978

### INSTELLING VAN STAMRAAD IN NAMALAND

Dit word hierby ingevolge artikel 2(3) van Proklamasie 160 van 11 Julie 1975 bekendgemaak dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2(1)(b) van genoemde Proklmasie, saamgelees met die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), met behoorlike inagneming van Namareg en -gebruike 'n stamraad in Namaland ingestel het vir die gebied omskryf in die Bylae hiervan.

Administrateur-generaal — Windhoek, 23 Desember 1977

BYLAE

SIMON KOOPER-GROND
(Gochas-grond)

Begin by die noordoostelikste baken van die plaas Ventershoop 164; daarvandaan suidwaarts en algemeen ooswaarts met die grense van genoemde Ventershoop 164, en plase Springbokvlei 237 en Zoekmekaar 236 langs tot by die oostelikste baken daarvan; daarvan-

## Government Notices

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 1] [4 January 1978

### ESTABLISHMENT OF TRIBAL AUTHORITY IN NAMALAND

It is hereby made known in terms of section 2(3) of Proclamation 160 of the 11th July, 1975, that under the powers vested in me by section 2(1)(b) of the said Proclamation, read with the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), I have, with due observance of Nama law and customs, established a tribal authority in Namaland for the area defined in the Schedule hereto.

Administrator-General — Windhoek, 23 December 1977

SCHEDULE

SIMON KOOPER-GROND
(Gochas-grond)

Beginning at the north-easternmost beacon of the farm Ventershoop 164; thence southwards and generally eastwards along the boundaries of the said Ventershoop 164 and farms Springbokvlei 237 and Zoekmekaar 236 to the easternmost beacon thereof; thence

daan weswaarts met die grens tussen die Keetmanshoop-Mariental distrikte langs tot by die suidelikste baken van die plaas Vlakplaats 240; daarvandaan noord en noordweswaarts met die grense van genoemde Vlakplaats 240, Gedeelte II en Restant van Dautchas 241 langs tot by die noordwestelikste baken van die plaas Garichanab 67A; daarvandaan ooswaarts met die grense van genoemde Garichanab 67A en Garichanab 67B en Ventershoop 164 tot by eersgenoemde baken.

westwards along the Keetmanshoop-Mariental districts boundary to the southernmost beacon of the farm Vlakplaats 240; thence north and north-westwards along the boundaries of the said Vlakplaats 240, Portion II and Remainder of Dautchas 241 to the north-westernmost beacon of the farm Garichanab 67A; thence eastwards along the boundaries of the said Garichanab 67A and Garichanab 67B and Ventershoop 164 to the first mentioned beacon.

---

No. AG. 2] [ 4 Januarie 1978

## VERANDERING VAN DIE GEBIED VAN DIE GIBEON WITBOOIGRONDE

Dit word hierby bekendgemaak ingevolge artikel 2(3) van Proklamasie 160 van 11 Julie 1975, saamgelees met die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), dat ek die gebied van die Gibeon Witbooigronde verander het deur Bylae G van Goewermentskennisgewing 805 van 14 Mei 1976 deur die Bylae hieronder uiteengesit, te vervang.

Administrateur-generaal Windhoek, 23 Desember 1977

### BYLAE G

### GIBEON
Witbooigronde

Begin by die noordelikste baken van die plaas Uibis 34; daarvandaan suidwaarts en algemeen ooswaarts met die grense van die plase Fleyfeld 33, Ubiams 32, Ganaus 27, Hatzium II 28, Rosenhof 97, Anis-Kubub 96, Gibeon 76, Kameelhaar Noord 74, Korra-Korrabes 72, Noronaub 71 en Goamus 70 langs tot by die suidoostelikste baken van Goamus Ost 69; daarvandaan weswaarts met die suidelike grens van genoemde Goamus Ost 69 en Goamus 70 tot by die suidwestelikste baken van Noronaub 71; daarvandaan suid en weswaarts met die grens van Kameelhaar 73A langs om dit in te sluit en verder noordweswaarts met die grense van Kameelhaar 73 langs tot by die suidelikste baken van Gedeelte 3 van genoemde Kameelhaar 73; daarvandaan noordooswaarts met die grense van Gedeelte 3 van Kameelhaar 73 langs, sodat dit van hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan noordwaarts met die grense van genoemde Kameelhaar 73, Gibeon 76, Zubgaus 29, genoemde Ganaus 27, Ubiams 32, Narrnkrants 31, Rooikrantz 38, Dochaib 46, Heimat 53, Aneis 52 en Eidsamub 51 langs tot by die suidwestelike baken daarvan daarvandaan noordwaarts met die grens tussen die distrikte Maltahöhe en Mariental langs tot by eersgenoemde baken.

No. AG. 2] [4 January 1978

## ALTERATION OF THE AREA OF THE GIBEON WITBOOIGRONDE

It is hereby made known in terms of section 2(3) of Proclamation 160 of 11 July, 1975, read with the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977) that I have altered the area of the Gibeon Witbooigronde by the substitution for Schedule G of Government Notice 805 of the 14th May, 1976, of the Schedule set out hereunder.

Administrator-General Windhoek, 23 December 1977

### SCHEDULE G

### GIBEON
Witbooigronde

Beginning at the northernmost beacon of the farm Uibis 34; thence southwards and generally eastwards along the boundaries of the farms Fleyfeld 33, Ubiams 32, Ganaus 27, Hatzium II 28, Rosenhof 97, Anis-Kubub 96, Gibeon 76, Kameelhaar Noord 74, Korra-Korrabes 72, Noronaub 71 and Goamus 70 to the south-easternmost beacon of Goamus Ost 69; thence westwards along the southern boundary of the said Goamus Ost 69 and Goamus 70 to the southwesternmost beacon of Noronaub 71; thence south and westwards with the boundary of Kameelhaar 73A so as the include it and further northwestwards along the boundaries of Kameelhaar 73 to the southernmost beacon of Portion 3 of the said Kameelhaar 73; thence north-eastwards with the boundaries of Portion 3 of Kameelhaar 73, so as to exclude it from this area, to the north-western beacon thereof; thence northwards along the boundaries of the said Kameelhaar 73, Gibeon 76, Zubgaus 29, the said Ganaus 27, Ubiams 32, Narrnkrants 31, Rooikrantz 38, Dochaib 46, Heimat 53, Aneis 52 and Eidsamub 51, to the south-western beacon thereof; thence northwards along the Maltahöhe-Mariental districts boundary to the first mentioned beacon.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.